daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** 'n Regula vir die Lewe
**Titel:** ... Weekliks sabbat
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 13 January 2013

---

Goeiemôre gemeente, en baie, baie welkom aan almal wat weg was op vakansie en terug is. Ons gaan sommer dadelik begin om uit te vind wat jy die vakansie gedoen het, hoe jy jou tyd spandeer het. 'n Sielkundige het gaan navorsing doen en uitgevind dat daar so vyf maniere is waarop die meeste van ons vakansie hou, en ek vra jou of dit jy is. Die eerste groep is die power players. Dis die ouens wat net hulle kantoor skuif strand toe of berge toe. Die gewildste apparaatjie is die nuwe oorfoon wat ingeplug is, en hy doen sy besigheid so terwyl hy speel daar op die strand en so aan. Okay, hierdie toetsie is nie om konflik in 'n gesin te veroorsaak nie. Ek sien 'n paar ouens het nou die kyk gekry. Ja, dis jy daardie, huh. Dis maar met 'n selftoetsie, okay.

Stress fighters. Dis die ouens wat op voëltjiesaad en wortelsap deur die oggende leef op die vakansie. Die aand is dit nou bietjie anderster, dan vier ons dit weer, maar deur die dag, jy gaan vir 'n lang stap. Jy doen die goed wat jy nie gewoonlik hier doen nie, stress fighters. Die schedulers. Dis die ouens wat die vakansie beplan. Daar is nie veel... daar is nie tyd vir af wees nie en daar is ook nie veel tyd vir spontaneïteit nie, want ons het van hierdie wonderlike winkeltjie gehoor en dan is ons by die strand vieruur, en dan braai ons vanaand saam met daardie mense en... so hulle werk hom so vol uit, nê.

Die fun worshippers, hulle is die teenoorgestelde as die power players. Jy kry hom glad nie op 'n selfoon nie. Hy vergryp homself aan genot en hy wil die meeste hoeveelheid fun hê in die kleinste hoeveelheid tyd, die fun worshippers. Dan is daar die fugitives. Dis die ouens wat sukkel om 'n vakansie te hou. Dis gewoonlik die ou wat die derde dag op vakansie siek raak. Dis die gesin wat baie konflik het op die derde dag en sommer besluit ons wil oppak en dit... dis eintlik, 'n vakansie is nie... dis net opvangtyd. Dit is net weer by... hy is half verlig. Dankie tog, nou gaan ons huis toe. Nou gaan ek weer lekker in my roetine kan inkom.

Goed. Die interessante drie opmerkings wat hierdie persoon maak nadat hy nou die navorsing gedoen het, hy het net gaan kyk na mense se patrone en probeer uitvind, nou, wat leer ons daaruit. In die eerste plek, almal voel vakansie is baie belangrik. Hoekom? Om te rus. En om te rus moet ek my atmosfeer verander. Ek moet die plek verander. Ek moet my aandag verander. Ek moet my stimulasie verander. Ek moet soveel goed verander net dat ek na 'n ander plek toe kan gaan om net gelaai te word en om te rus. So rus is baie belangrik. Almal sê dis hoekom hulle vakansie... 'n Groot ding wat hulle sê is to stop and smell the roses again. Dis 'n uitdrukking wat hy aanmekaar gekry het by al die ouens toe hy vir hulle vra.

Die ander ding wat hy uitgevind het is dat ons verskil van mekaar, so almal voel nie dieselfde ding werk vir my nie. Wat my moeg maak beteken vir jou baie, so dit maak dit nogal moeilik in 'n gesin partykeer om saam te kan vakansie hou, nê. En hier is die ander ding wat hy uitgevind het. Hy sê die meeste van hierdie ouens, het hy uitgevind, is eintlik cheaters. Hulle het nie eintlik gerus deur dit wat hulle gedoen het nie. Hulle sê they stopped to smell the roses, but actually they just stopped to stop, maar hulle het nooit die rosie geruik nie. So dit is half moeilik om vakansie te hou. Dis 'n groot kuns, en natuurlik voel die meeste van ons as ek net genoeg geld het sal ek ordentlik dit kan doen.

Maar ek wil julle vanmôre terugvat na 'n baie ou idee van rus toe. Ons kry dit in die eerste paar bladsye van die Bybel, waar die Bybel vir ons voorstel aan God wat gewerk het, en toe rus Hy, en toe kies Hy vir Hom 'n klomp slawe wat Hy besluit, Ek gaan vir hulle 'n God wees. Hulle gaan vir my 'n volk wees, en die rede hoekom ek hulle kies is om Myself bekend te maak deur hulle aan hierdie wêreld. En ek wil Myself deel met hulle, en Ek wil hulle invat in 'n beloofde land, na 'n plek toe. Maar nie net die plek gaan vir hulle die lewe bring nie, ook 'n manier van lewe sodat hulle kan voel wat is die eintlike lewe en nie net bestaan nie.

En wat Hy dadelik aan hulle doen, nog voordat Hy vir hulle 'n wet gee sê Hy vir hulle, Ek wil hê julle moet elke sewende dag rus. Hierdie lewe is nie 24 / 7 nie. Hierdie lewe is 24 / 6. Dis hoe jy die lewe sal lewe. En die groot doel is sodat julle sal lewe en sodat Ek Myself kan bekendmaak in hierdie wêreld deur julle. Goed, hierdie idee het baie gegroei. As jy die Ou Testament begin te lees is daar 'n ontwikkeling in die verstaan en in die viering en in die doen van die Sabbat, regdeur die Bybel, in die Nuwe Testament in. Hy kry nuwe dimensies by.


© 2013 Mosaïek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

In die begin was dit net, moenie werk nie. Daarna is dit, nee, nee, nee, gaan verkwik jouself. Skielik is daar ‘n nuwe element van spontaniteit, van kreatiwiteit, wat by die Sabbat bykom. Julle moet saam met mekaar hierdie Sabbat hou. Dis nie ‘n individuele, persoonlike, narsisstiese oefening nie. En dan is dit ‘n ander ding. Dis ‘n tyd van aanbidding ook. Aanbid God saam op hierdie dag. Hy kry al hierdie dimensies en hy ontwikkel. En dikwels kom profete, dan roep Hy die volk terug, dan sê Hy vir die volk, weet julle wat het julle gedoen? Julle het vergeet. En dis interessant, en die Here sê ook, moenie vergeet van die Sabbat nie.

Nou, as die Bybel sê moenie vergeet nie of moenie onkundig wees nie, dan moet jy maar seker wees, ons vergeet en ons is onkundig. En moenie vergeet nie. En dan kom die profeet, dan sê hy, julle het vergeet van die Sabbat. Die Here sê hou die Sabbat. Jesus kom, en Hy is nie teen die Sabbat nie. Hy is teen die manier waarop die mense die Sabbat hou. Hy bevestig die belangrikheid van ‘n Sabbatslewe, en op hierdie manier te lewe waarnatoe God ons uitnooi. Hy vat sy dissipels in hierdie manier van lewe in, met ‘n totale nuwe verstaan en ‘n begrip van daardie Sabbat

Jy weet, op een keer kom die dissipels terug en hulle is so opgewonde oor al die goed wat hulle reggekry het en gedoen het. Hulle sê, mense het tot bekering gekom, in Markus 6, en ons het duiwels uitgedryf, en hulle aanvaar die Evangelie, die goeie nuus. En dis asof Jesus nie so vreeslik belangstel in die verslag van die bediening en hoe goed hulle gedoen het nie. Dis asof Hy dadelik vir hulle sê, maar kom ons kom eenkant en kom ons gaan rus. Dis wat nou belangrik is na hierdie tyd wat julle so aktief gewerk het en bedien het. Dis nou tyd om te gaan rus.

En die eerste kerk neem hierdie hele beginsel van Sabbat oor. Aan die einde van die eerste eeu, en vanmôre gaan ons nie soseer in die wat en die hoe van die Sabbat en... maar skuif die Sabbat na die Sondag toe van die Saterdag af, waar die eerste kerk gevoel, het, kom ons vier Sy opstanding. En dan is dit of daar ‘n skuif in die Sabbatsviering kom, dat dit nie net gaan om nie goed te doen nie, maar daar is ‘n klem ook op die aktiewe deel van die Sabbat. Daar is goed wat ons ook moet doen. So vanoggend miskien net vier groot idees rondom die Sabbat.

Die eerste een is, dis ‘n bekendstelling van ‘n lewensritme, die Sabbat. Dis... toe die Here dit instel die eerste keer, toe sê Hy dit is hoe Ek is. Dit is hoe Ek lewe. Dit is hoe Ek julle wil bekendstel aan die lewe. Dis hoe die lewe werk. Dit is wat jy nodig het, diep, baie nodig het in jou lewe. Vir ‘n lewe saam met My gaan dit nie net oor my ingrype, oor die kwartels en die manna en die verlossing en die uitleiding uit Egipte. Dis nie al waaroor dit gaan nie. ‘n Lewe met my gaan nie net oor die bonatuurlike, buitengewone oomblikke nie. Dis gaan oor ‘n natuurlike lewensritme wat jy ook ontwikkel in jou lewe, om jou energie te bestuur, om met lewenslus deur hierdie lewe te gaan, om nie uit te brand nie.

Om skerp te kan wees moet jy betrokke wees en jy moet onttrek. Jy moet wees en jy moet doen. Jy moet werk en jy moet rus. Dis ‘n ritme, en dit is ‘n weeklikse ritme waaraan Ek julle wil voorstel en waarnatoe Ek julle uitnooi, sê die Here. En daar is beelde en metafore om dikwels ons iets te verduidelik en te laat verstaan van hoe belangrik dit is om op hierdie manier te lewe. Moenie lewe totdat jy nie meer kan nie. Nee, nee, nee, bestuur jou energie op ‘n manier dat jy kan aanhou leef met lewenslus. Moenie uitbrand nie. Moenie na daardie plek toe gaan nie. As jy nie soontoe wil gaan nie dan moet jy op hierdie manier begin te leef en op hierdie manier begin te dink.

Prediker sê, Prediker 10:10, dat jou lewe eintlik soos ‘n byl is. Die byl raak stomp. Nou kan jy gaan, en jy kan al hoe harder begin te werk en kap om die werk gedoen te kry, of jy kan gaan stilsit en die tyd vat om die byl skerp te maak. Dan gaan jy suksesvol wees. Iets baie interessant, die Prediker sê, wisdom will give you success. Ek is geleer harde werk gee jou sukses. Kap daardie byl. Is daardie byl stomp? Dan moet jy harder kap, pêl, want dan moet jy meer werk, as die byl stomp is. Hy sê, nee, nee, nee, nee, nee, nee, nee, moenie so stupid wees nie. Wysheid gaan vir jou sukses bring in jou lewe. Vat die tyd om die byl skerp te maak.

Ek het hierdie week gelees van ‘n dokter wat bely dat as hy moeg is hy die ouens stuur vir toetse, verskriklike toetse, want hy het nie tyd en hy het nie energie om te diagnoseer nie. Hy sê hy het uitgevind dat as hy uitgerus is, sy intuïsie is skerp en hy kan dink, en hy is helder by, en hy is lekker teenwoordig, dan diagnoseer hy baie goed en baie vinnig. Maar sodra hy moeg raak; hy is ‘n spesialis, so vind uit watter periode jy daardie dokter vang. Dis belangrik, huh.

Jy weet, dit gaan daaroor dat jy nie net hier besig is om die pad te maak deur die woud nie, van jou lewe nie, en op hierdie pad te gaan nie, maar dat jy van tyd tot tyd eenkant staan, weekliks, in die boom klim en ‘n breë blik op die woud kyk om te sien waar is ek besig om te gaan met my lewe. Waarheen vat hierdie pad my wat ek besig is om te maak? Want jy ken die storie van die twee padmakers, nê. Toe hulle uiteindelik stop en die een ou klim in, toe

die kuns van leef


**© 2013 Mosaïek**

sê hy, hoor hier, stop, stop, ons is in verkeerde woud. Toe sê hy, man, dit maak nie saak nie. Hierdie pad vorder fantasties, huh. Dis daardie tyd wat ons nodig het om net eenkant te staan.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Maar wat ek probeer sê is ons moet glo jy het dit nodig. Ons kultuur sê vir ons ons het dit... jy weet, jy is half 'n swakkeling as jy dit wil doen. Ons laat ouens skuldig voel as... o ja, vat jy al weer af, huh? Jy weet, jy is so half sterk. Jy weet, dis van daardie sondes waarmee ons brag. Ja-nee, ek het... ek het ses jaar terug laas 'n vakansie gehad of 'n af tydjie gevat, jy weet. Dan is ek so sterk, jy weet. En ons is, o, hy is fantasties. Kyk hoe sondig hy, huh. Ons is 'n snaakse kultuur, huh. Ons sê nie... ons... ja, maar ander... jis, daardie ou... 'n ander sonde. Sies, hoe kon jy dit doen? Ons sny jou sommer uit die kerk uit en jy sal nooit weer kan nagmaal gebruik na jy dit gedoen het nie, maar hierdie enetjie kan jy maar doen. Ons gee vir jou applous as jy hierdie ene doen, nê.

Ons het dit nodig, en kom ek sê vir u, ons het dit nodig nog meer as ooit vantevore. Die verandering wat hier in hierdie wêreld meegebring is vra en noop 'n Sabbat soos nog nooit vantevore nie, soos nog nooit vantevore nie. Ek het 'n hele paar ouens gelees wat heelwat studie gedoen het oor die Sabbat, en party van hulle hulle lewensmissie gemaak het om Sabbat te verstaan, te leef en te deel met ander mense, en hier is wat ek uit 'n klomp boeke gehoor het. Ons het vergeet van Sabbat. Sabbat is nie vir ons meer belangrik nie. Van ons het vergeet dat ons vergeet het daar is Sabbat.

Een van die studies waarop ek afgekom het, van 'n sosioloog, Rosa, van Duitsland af, het my diep oortuig dat ons dit meer nodig het as ooit tevore. Sy studiestuk word genoem Acceleration and Alienation, en hier is sy teorie waarop hy afgekom het: dat ons vandag so 'n gejaagde lewe leef, dat dit verskriklik sleg is vir ons en dat ons alienate, dat ons vervreem onsself. Die eerste ding: die lewe se tempo het toegeneem. Kyk, u moet weet, toe die Sabbat ingestel is het die Here dit gesê vir 'n landboukultuur en gemeenskap. Mense het baie dieselfde ritme gehad. Hulle het saam opgestaan as dit... in die nag kan ons niks doen nie. Ons kan niks sien nie. Ons slaap. Maar vandag het hulle uitgevind ons slaap twee ure minder as wat ons 100 jaar terug geslaap het. Die lewe het toegeneem.

Toe kom die industriële era. Dit het alles verander. Elektrisiteit. Skielik het ons ligte. Ons kan in die nag werk. Nou raak dit... nee, nou raak dit 'n groter challenge, nê, en ouens vra produktiwiteit, produktiwiteit. Dis waarvan ons lewens afhang. Dis waarvan ons... ons moet meer maak. Ons sit liggies aan by hoenders. Hulle lê... nou sê... o, dis dag. Nog 'n eiertjie, huh. Dink jy dis goed vir daardie hoender? Nee, sy lewensspan word met die helfte verminder omdat hy so baie eiertjies lê en nooit slaap nie. Dis nie goed vir hom nie. Maar dit is waarheen ons... alles het versnel. Alles het.

Verhoudings. Verhoudings. 20 jaar terug, toe ek jonk... jonger was, net so na my geboorte, toe was... verhoudings het tyd gevat. Jy het... dit vat jou weke om kontak te maak, en dan vat dit jou 'n week om die vraag te vra. Dan moet sy gaan dink vir 'n week, en, jy weet, 'n verhouding het 'n pas gehad waarby ons... Vandag: sekondes. Check hom mooi volledig uit op Facebook. Ek weet klaar, ek besluit klaar, stuur die SMS, weet binne 15... dis... alles is gehandle, so die snel... die pas, alles het verander. Plekke het verander.

Weet U, daar is 'n lidmaat in hierdie gemeente wat 'n kantoor het in Londen, en hy vlieg elke week Londen toe. Hy vlieg Woensdagaand, slaap op die vliegtuig, is op kantoor Woensdag daar, werk tot laat die aand, vlieg die aand terug, is die volg... elke week. Plekke, dit is vir hom soos om Kaap toe te gaan. Kyk, jy kry ook hierdie ouens wat so tussen die Kaap en Johannesburg bly. Hulle is nêrens lidmate nie. As jy hom hier vra, waar is jou storie, dan sê hy, nee, ek is in die Kaap, en vang jy hom in die Kaap dan sê hy, nee, ek is hierso. Dis net 'n grappie. Ek probeer ouens vasvat wat hierso sit vanmôre.

Ons leef 'n ander soort lewe. Ons het... maar space het 'n ander betekenis. Iemand wat vêr is kan baie naby wees. Iemand wat baie naby is kan baie vêr wees. Ons belewenis van tyd, alles verander, maar hy sê... oortuigend toon hy aan, ons kan nie nou daar... kan ingaan nie, dat, dit bring 'n vervreemding mee, hy sê 'n vervreemding met jou werk. En hy verduidelik hoekom. Hy sê die meeste van ons sit met 'n imposter phenomena. Jy word party oggende wakker en dan sê jy, wat soek ek hierso, wie is hierdie mense, omdat jy disconnected is

Jy is disconnected met dit wat jy doen, met jou aksies, met jou goed. Jy het nie meer 'n yskas vir tien, 15 jaar nie. Dis te duur om te laat werk aan 'n yskas, jy koop eerder 'n nuwe ene, so jy bond nie meer met jou yskas nie. Jy ken nie meer sy stories nie. Jy ken nie meer, okay, nou moet ek hom net weer bietjie 'n skop gee dat hy net weer... die motor kan aangaan. Nee, alles is net weggooi en vinnig, en alles verander die heeltyd. En die goed


**© 2013 Mosaïek**

raak ingewikkeld. Ons... jy weet, jou ou foon. Jy weet hoe het jou ou foon... hierdie nuwe foon, nee, hy is te complicated. Ek weet nie hoe doen 'n ou dit meer nie, so alles verander, en hy sê ons...

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Uiteindelik bring dit 'n vervreemding tussen mekaar, en hy sê die grootste vervreemding is met onsself. Ons weet nie meer wie is ons nie. Ons weet nie waar pas ons in nie. Dit bring 'n identiteitskrisis. My waardes. Ek weet nie meer wat is regtig belangrik vir my en waaaroor gaan my lewe nie. En hy noem dit nie, maar ek dink natuurlik die grootste vervreemding wat dit bring is met God. En dis wat Jesus gesê het. En as ek kan iets sê van die tyd en die plek waarin ons lewe dan is dit nie dat ons... ons is nie teen die Here nie. Dis nie dat ons nie glo in God nie. Ons wil, dis net ons het nie tyd nie.

En dis wat Jesus gesê het. Die groot vyand, as die saaier uitgaan en hy saai daardie saad, dan val dit tussen die rotse. Hy sê, en dis die mense wat nie kan groei nie. Daardie saad kan nie effek hê nie. Hy kan nooit geestelik groei nie, want, hoekom nie? Hy kry nie diepte nie. Hy kry nie diepte nie. Jung het gesê, hurry is not of devil; hurry is the devil. Nie Harry nie, nie Hêrrie, hurry, haastig wees. Hurry is the devil. Jesus sê daardie saad kom op, maar as gevolg van die verleiding van die rykdom en die sorge van die lewe kan daardie... kan dit geen vrug dra nie.

Dis nie dat ons nie wil nie. Dis net ons kan nie. Ons het nie... ons leef nie so 'n lewe nie. Ons het nie tyd vir dit nie. Ons kan nie diep mense raak nie want dit vra... verhouding vra tyd. Om 'n verhouding met God te hê vra tyd, dit vra refleksie, dit vra terugtrek, dit vra hierdie manier van lewe, en ons kan dit nie bekostig nie, en ons wil nie hierdie prys betaal daarvoor nie. Kan jy glo dat dit belangrik is? God sê, dis 'n lewensritme waaraan Ek jou voorstel. As jy in My lewe wil deel, iets van dit.

Die tweede groot ding, dis 'n beginsel. En die groot beginsel is nie werk nie. Dit het te doen met die passiewe aspek van Sabbat vier. Moenie werk nie. Nou, weet jy, net so moeilik, ek dink, as wat dit was vir die Israeliete, so moeilik is dit vir ons vandag. 'n Israeliet se lewe het afgehang van sy performance en van sy produktiwiteit. Hulle is slawe. As jy nie meer 'n steen op 'n steen kan sit nie... Weet jy, argeoloë het gevind dat hulle... die Israeliete wat nie meer kon werk nie het hulle ingemessel in die geboue in. Ja, daar... ag, los hom sommer daarso. Kom ons bou sommer net daarso aan daarso. Gaan net daar aan werk, want hy beteken nou niks meer nie.

As jy jou vermoë verloor om 'n bydrae te kan lewer is dit verby met jou. Kan jy dink waarheen vat hierdie beginsel jou net, moenie werk nie? Dit van jou dadelik na diep issues toe van jou bestaan. Dit vat jou na jou wese toe. Dit vat ons na ons identiteit toe. Dit vat ons na meganismes toe van selfregverdiging. Dit vat ons na diep, diep, diep goed toe. Dit vat ons na goed toe van vertroue, want die Here sê vir hulle, luister hier, Ek is julle God. Ek rus op die sewende dag, en weet julle wat, Ek is nog steeds God, al rus Ek. Dit verander nie wie Ek is nie.

Ek wil jou sê, jou gevoel van okay wees net omdat jy iets bereik en iets doen is nie goed vir jou nie. Jy is nie net okay as jy iets doen nie. Jy is okay omdat jy is, en dis waarheen Ek jou wil vat. Toon ons obsessiwiteit nie die oomblik as ons begin stil raak nie, huh? Ek meen, daar is iets in my. Ek voel ek doen dit nie vir mense nie. Ek worry nie of mense sien, of mense weet nie. Ek voel lekker die aand as ek my lysie kan aftick en sê, jis, ek het dit gedoen. Ek het iets bereik vandag. Ek het iets gedoen vandag.

Dis goed, maar daar eendag wat jy moet sê, dis veg time, soos die land moes lê op die sewende jaar, en dan moet jy kyk, dan moet jy sien, jis, kyk al hierdie bossies wat nou hier opkom, en dan moet jy... ek los dit. Dis Sabbatsjaar. Ek mag nie nou hierdie bossie uittrek nie, huh. Kan jy hierdie bossie los as jy verby hom loop op die Sabbat? Kan jy hom los, of is daardie obsessiewe, kompulsiewe gedrag... spring daar... net gou-gou die bossie uit... daarsy, nou voel ek beter, nê. Maak net gou-gou skoon en alles reg en so. Dis troue, dan sê jy vir hulle, ek sorg [klank glip]. En weet jy hoe baie vat hierdie eenvoudige beginsel van moenie werk nie?

So wat wil dit vir jou beteken om nie te werk nie? Kom ek sê vir u wat ek dink een van die grootste uitdagings is. Dis die vier skerms waarmee ons te doen het, nê, jou selfoon, jou pad, jou rekenaar, televisie. Kan jy op 'n elektroniese vas gaan een dag 'n week? Ek het 'n program gesien op televisie waar hulle selfone van tieners afgevat het. 'n Tiener het na 'n halfuur 'n angsaanval gehad, letterlik. Sy het so begin te bewe. Haar lippie het so gebewe en toe sê sy, ek mis my foon. Ek verwag 'n verskriklike belangrike oproep. As ek nie daardie oproep kry nie kan dit verskriklike gevolge in my lewe hê. 15 minute. Hulle het depressief geraak. Van hulle het begin bewe, moes suikerwatertjies drink. Dis hoe ons lewens ingeweef is, oorgeneem...


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Kyk, dit gaan nie net om weg te kom van werk af nie. Kan jy van werk wegkom hier binne in jou? Dis die groot ding. Kan jy uit werksmode uitgaan? Dis die ding. Wat is die goed wat jou in werksmode invat? Ek weet, as ek wakker... jis, net gou-gou my eposse deurgaan voor ek op kantoor gaan. Dit gee my net daardie head start, nê. My afdag ook. Jis, ek wil nie hê die goed moet ophoop nie, so kom ek vat dit nou, nê. Bly die heeltyd in kontak. Nee, ek wag, daardie is belangrik. Kan jy dit laat gaan? Ons gediggie: letting go. Kan jy let go? Dis partykeer so tough.

En dis hoekom die Puriteine... kyk, dis... die Puriteine en die Jode het die meeste gemaak van die Sabbat. Hulle het gesê daarom mag jy nie koop en verkoop op die Sabbat nie, want dit is werk, en dit vat jou in werk in. Kom uit werk uit. Kom uit werk uit. En daarom het hulle ook gesê die grootste sonde wat jy kan doen op die Sabbat is om bekommerd te wees, want dan is jy weer besig met jou werk. Dis hoekom jy nou weer bekommerd is. Jy moet wegkom van jou werk af een dag 'n week, Sabbat.

Nou, dan is die groot ding ook, engage. Dit... dit is... dis... as jy die Sabbat bestudeer, dis 'n holistiese rus. Dit het sosiale, emosionele, geestelike, psigiese dimensies, en 'n mens is 'n geheelwese. Alhoewel ons kan onderskei kan ons nie skei nie. Hier is die groot uitdaging. Ons ken onsself nie goed nie, en ons weet nie wat het ons regtig nodig... Sielkundiges sê vir ons, jy het eintlik 'n behoefte aan diep intimiteit en kontak, en nou eet jy. Jy... dis 'n sosiale behoefte wat jy fisies probeer bevredig. En weet jy wat, jy gaan nie daar... jy gaan nie daardie gat kan stilmaak op hierdie manier nie.

So weet ons nie altyd wat het ons regtig... dis hoekom ons nie altyd kan rus nie, want ons weet nie. Ons het baiekeer Sy leiding nodig. Ons het nodig om te groei hier, om kennis te kry hierin. Ons moet uitvind. Kyk, ek kan aan u bely wat eenkeer met my gebeur het. Ek was moeg. Ek is afgestomp. Ek besluit ek gaan op 'n retreat kamp. Ek gaan vas. Ek gaan bid. Soos wat die dae aanstap sak ek al hoe dieper in 'n depressie in en ek is so moeg. En een van my vriende kom en hy sê vir my, ek het skielik 'n breakaway waaraan ek kan deel wees.

Ons gaan valskerm spring, ons gaan white water rafting doen, ons gaan skiet, ons gaan met bote ry. Dit gaan net 'n vier dae high adventure ekskursie... die manne gaan weg. Ek... wyk, Satan, voel ek eers. Ek dink agterna, ek gaan maar gaan want ek kry nie baie die kans nie, en ek breek my wegbreek 'n paar dae kort. Ek voel eers skuldig. Toe ek weg was toe bevoel ek hoe begin die lewe terugkom na my toe, en wat ek geleer en ontdek het is dat ek het 'n psigiese behoefte gehad wat ek probeer geestelik vul het, en jy kan nie. Jy kan nie.

Maar miskien is die grootste behoefte vandag, en waarin die mense vasval, dink ek, is dat jy 'n diep geestesbehoefte het, en jy probeer dit fisies of psigies bevredig, en jy gaan nie kan nie. Daar is 'n rus wat kan kry net deur die Here, net deur die Here. Maar partykeer is dit jou siel, en ek het agtergekom party ouens het pretty expensive souls. Dit kos om daardie siel in stand te hou, hoor, want hy het art nodig. Jy kry sulke... art, jy weet. Dis daardie ouens wat so by 'n preek kom sit, o, dis so pragtig, dis ongelooflik. Okay, wat gebeur hierso? Dit lyk of die ou kwaad geraak het. Die verf het gegly, jy weet, whatever, maar hy is diep geroer. Hy is gemove, huh.

Ons het... party van ons het snaakse siele, huh. Kan ons mekaar maar nie judge oor 'n ander ou se siel nie? Lot het so 'n snaakse siel gehad. Ek... toevallig lees ek gisteraand Genesis 19, 19 en 20, jy weet. Hy vra vir die Here, Here, asseblief, U het my genade gegee, met ander woorde ek het hierdie geestelike ding, gelewenis, gehad met U. U het vir my gesorg. Ek sit nou hier in die gebergte. Ek het... ek het 'n plek. Ek is fisies, ek is okay. Geestelik, ek lewe saam met U. Maar asseblief, Here, kan ek in die stad gaan bly sodat my siel kan lewe?

Hy het 'n stad nodig vir sy siel. Kan jy glo? Is daar sulke ouens? Die meeste van ons sê, ek het die plaas nodig vir my siel, huh. Party van ons het berge nodig. Party van ons het die see, het water... party van ons is water babies. Daar is iets wat jou laat lewe. Daar is iets wat jou connect met die... met 'n mistiese gevoel, 'n gewaarwording van die lewe is groter, die lewe is meer. Dit vat jou uit jouself uit. Maar baie van ons weet nie wat het ons nodig om met God te connect nie.

En daar is ietsie, nê [?]. Verlede week het ons gepraat oor die ankers wat ons almal... deur die eeue het... al die ouens het daardie goed vasgehou. Maar daar is iets unieks omtrent jou make-up, en dis wat Paulus... 1 Samuel 30:6, Dawid het gegaan, toe hy in leierskap... moeilikheid was, en hy het hom gaan versterk in die Here. Weet jy wat om te doen om jou te versterk in die Here? Weet jy wat dit is wat jy moet doen?

En moenie die fout maak om dit wat vir jou werk te projekteer op iets anderster nie. Romeinse 14, sê Paulus, cultivate your own relationship with God and don't impose it on others. Dis jy daardie. Dis uniek jy. En die Sabbat is daardie dag om daardie unieke toegangsroete van jou te bewandel, want dit is wat ons elke jaar een keer ten


**© 2013 Mosaïek**

minste by Formatio die... oor spiritualiteit en persoonlikheid gaan ons deur. Wie is jy? Wat... hoe ontdek ek? Hoe kry ek daardie pad wat uniek aan my gekoppel is?

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Laaste ding om meer af te sluit: skadukant van die Sabbat. Dis 'n sosiale ding wat ook gedoen moet word, so dis nie 'n alleen iets nie, maar hier is 'n probleem. Ons verskil van mekaar. Nou, wat gebeur as 'n ekstrovert, taak-georiënteerde met 'n introvert, mens-georiënteerde persoon trou? Okay, dis nou highly unlikely, maar sê nou maar dit gebeur. Jou herstel behoeftes is totaal verskillend. Ekstrovert, taak-georiënteerd het fisiese aktiwiteit nodig om te ontlaai en uiteindelik by 'n plek van rus uit te kom. Introvert, taak... mens-georiënteerd wil slaap.

Okay, nou is dit ons Sabbat. Okay, ektrovert, mens-georiënteerd, interaksie met ander mense. Introvert, taak-georiënteerd, niks tyd, alleen tyd. Los my net uit, huh. Nou is ons altwee moeg. Toevallig het ons nou getrou met mekaar, nê. Ons wil... hierdie naweek moet ons rus. Okay, so wat gaan ons doen? Jis, ons gaan 'n groot party hou. Saterdag nooi ek al daardie pêlle van my. Ons gaan 'n jol van 'n tyd hê, nê. En wat sê sy, introvert, taak-georiënteerd? Wat? Die hele week was ons met mense besig. Ek... ek... oor my dooie liggaam. Ek wil niemand sien by hierdie huis nie, huh.

Nou hoe gaan ons herstel? Dis 'n uitdaging. Dis iets waarvoor 'n mens moet begrip hê, jy weet. Die beste metode is nie om mekaar te probeer verander en mekaar te probeer oortuig of te dink daar is fout met die ander persoon nie. Ons het verskillende herstel behoeftes. Hoe werk ons met dit in 'n Sabbat? Is ons respekvol teenoor mekaar se Sabbat en Sabbatsbehoeftes?

'n Ander groot probleem kan wees dat ons die Sabbat gebruik net om op te vang, sosiaal en fisies. Jy weet, sosiaal, op 'n tyd het ons agtergekom, maar elke Sabbat gebruik ons om te dialogue en vir mekaar te sê wat het ons nodig in hierdie verhouding. Dit bly 'n somber experience, hierdie Sabbat. Ons kom nie op 'n plek waar ons mekaar kan celebrate nie. Ons besluit, kyk, hierdie goed hoort op 'n ander tyd. Sabbat gaan ons vier. Ons gaan net mekaar waardering gee, prys gee, sien wat is great in mekaar. Ons vier die lewe op die Sabbat. Fisies ook. Dis 'n tyd wanneer adrenalien kan uitwerk.

Archibald Hart, toe hy hier was het hy so gekyk na my, en toe sê vir my, Johan, jy maak die fout van jou lewe. Jy kan nie op... jy kan nie op 'n Maandag jou Sabbat gebruik nie. Ek sê, maar ek kan nie Sondag nie. Hy sê ek weet jy kan nie Sondag nie. Ek meen, maar op 'n Maandag werk jou adrenalien uit. Hou die mense van jou op 'n Maandag? Toe sê ek, jis, ek is bietjie half moeiliker op 'n Maandag, ek weet, half... jy is moeg en... jy weet, en jy dink oor...

Hy sê, dis die adrenalien. Jy moet bad voel. Gee dit vir die ding waarvan jy die minste hou. Admin, en dan al die ouens waarvan jy nie hou nie; maak onderhoude met hulle. Dis vir jou herstel. Hou jou Sabbat op 'n ander tyd. Dis nie net 'n tyd van opvang nie. Ek is nou op minus, nou vang ek op. Nee, die Sabbat is om te laai. Kom by die positiewe goed uit in die Sabbat. Leer en groei, en begin jou Sabbat so te struktureer dat jy soontoe kan gaan.

Laaste ding: die Sabbat is nie vir ontvlugting nie. Ons kan vir onsself stories vertel. Jy weet, ons kan goed doen. Kyk, as jy fliek toe gaan, huh. Nou is jy moeg. Nou kom jy by die fliek. Nou kyk jy. Hier is hierdie fliek. Nee, ek is nie nou lus vir hom nie. Hy gaan emosioneel te veel vra. Dis te diep en dis 'n kunsfliek. Ek is nie lus vir daardie goed nie. Ek soek Rambo. Waar is Rambo? Ek soek net 'n lekker ligte skop en daardie... jy weet, net so. En hoe voel jy na die tyd, huh? Op wat het...? Rambo het op wraak... kry hulle in die hande. Werk hierdie emosies. Hierdie ander een het iets gevra van jou, maar hy vat jou na iets anderster toe van die lewe waarmee jy connect.

En ons moet eerlik wees met onsself. Ek dink ook baie van ons raak in destruktiewe patrone betrokke by ons af tye omdat ons so dood is en omdat ons nie regtig ons siel voed nie wil ek net weer voel ek lewe, en ek doen goed wat glad nie goed is vir my nie, wat my afbreek, wat sondig is, en dit is nie Sabbat nie. Jy het nie af tyd nie. Jy connect nie. Gemeente, ons het besluit, as leierskap, om hierdie beginsel en hierdie waarde te aanvaar en te groei daarmee. Dis 'n diep begeerte en behoefte in baie van ons en myself om dit beter te verstaan en dit in te lewe.

Hierdie jaar gaan vier van ons staflede op 'n sabbatical, waar hulle 'n langer periode as hulle gewone aftyd gaan spandeer om te rus en om hulle roeping te verhelder en vas te maak. Trevor is een van daardie persone. Hy gaan omtrent vir 'n tydperk van drie maande af wees hierdie jaar wat voorlê. Dis deel van ons commitment en ons viering van hierdie, en ons wil ook 'n omgewing skep waar ons nie mekaar laat skuldig voel of sleg voel of wat nie, maar ons sê, go for it. Dis great. Lewe, laai, wees vol lewenslus. Versterk jouself in die Here sodat jy op 'n nuwe manier kan teenwoordig wees en hier kan wees.


**© 2013 Mosaïek**

Miskien is jy op ‘n plek vanmôre waar jy sê ek is moeg. Ek kom van vakansie af. Dis die begin van die jaar. Dis soos ‘n berg wat dit voor my lê. Ek is klaar moeg binnekant. Ek is sielsmoeg. Ek is lewensmoeg. Ek het ‘n geestesmoegheid in my. Dit is waarmee Jesus jou uitnooi en sê, kom na My toe. Dis in ‘n verhouding met My. Dis in ‘n lewe saam met my wat jy krag kan kry, en lewenslus kan kry. En miskien kan jy kyk na hierdie jaar, en dis die groot uitnodiging. Miskien is jy op ‘n plek waar jy sê ek weet nie hoe gaan ek dit... ek weet nie wat het ek... Here, lei my na waters waar rus is. Vat my. Ek weet nie, ek ken nie. Ek is disconnected, maar lei my, help my, vat my, asseblief.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Kom ons bid saam. Vader, dankie vir hierdie oggend. Dankie vir hierdie jaar. Dankie vir die begin as ‘n gemeenskap vanoggend weer net om hierdie pad saam met U, saam met mekaar, te stap. U ken ons. U weet waar is ons. U weet waarheen elke een van ons na toe uitgenooi word. Help ons om duidelik te hoor. Gee vir ons wysheid, Here, sodat ons in sukses kan deel, sodat ons in die lewe kan instap soos nog nooit vantevore in hierdie jaar nie. Ons word uitgenooi. Ons weet U wil dit deel met ons. U wil dit vir ons gee. Help ons om dit te sien. Vir ons wat vanmôre baie, baie moeg is, help ons, in die naam van Jesus, amen.

Mag jy in hierdie week wat voorlê iets van daardie wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees in jou lewe beleef, amen.


**© 2013 Mosaïek**